

p88/30 Community Organisation Box 127
Cogmanskloof



"Ons is geleer...om onself en ons lewenswyse te verag. Hulle het ons probeer wysmaak dat ons nie 'n verlede het nie, geen geskiedenis om op trots te wees nie. Ons verlede was net 'n groot leegte. Net die hede was van belang, en daaroor het ons baie min beheer gehad...

Dit hoort nou ons doel te wees om ons verlede te herwin. Ons behoort ons eie geskiedenisboeke te skryf om te bewys dat ons 'n verlede gehad het; dat dit die moeite werd is om oor ons verlede te skryf en daarvan te leer. Ons moet dit doen om die eenvoudige rede dat 'n nasie sonder 'n verlede 'n verlore nasie is, en 'n gemeenskap sonder 'n verlede is n gemeenskap sonder 'n siel."

- Sir Seretse Khama (1970)
(President van Botswana)



ie hoofpad na Montagu
loop met draaie deur
die skadu's van die
Langeberge. Langs die rivier
wei 'n paar koeie, en die warm
Karoo-lug sing met die gebrom
van bye en muggies.

Hier lê die plaas "Cogmanskloof".
In die ou dae was daar 'n klip-
huisie aan die oorkant van die
pad. Agter die huis het die
Cogmans-kloof soos 'n groot skeur
teen die berge opgeloop. Voor
die huis het die ou pad geloop -
'n mens kan dit nog duidelik sien.
Daar was 'n turksvy-boord en 'n
groot groente-tuin op die plaas,
en koeie en bokke.

Hierdie boekie vertel die storie van die plaas, en van die familie wat daar gebly het. Hulle naam was de Pasqual, en hulle storie is 'n deel van Montagu se geskiedenis.

Professor C.T.Johnson is 'n nakomeling van die de Pasquals.
Hy sê:

"Mense, wie hulle ook al is, hoef nie verlore te gaan nie. Elke mens het 'n geskiedenis. Dit is juis belangrik om die familie se geskiedenis vir die nageslagte te behou."

Elke mens en elke gemeenskap het sy eie geskiedenis. Dis nie net "beroemde" mense wat geskiedenis maak nie, en nie net "geleerde" mense wat geskiedenisboeke kan skryf nie. Maar geskiedenisboeke stel dikwels net seker groepe se standpunt en gee nie eintlik aandag aan die ervarings van ander groepe nie. Dit is veral mense wat in die groter samelewing nie veel mag of aansien het nie, wie se storie uitgelaat word.

Daardie gemeenskap se geskiedenis sal verlore gaan tensy ons dit vasleë deur te luister na die mense wat die geskiedenis self ervaar het, omdat hulle lank voor ons tyd al geleef het.

Ons moet bewus wees van wat in die verlede gebeur het om te kan verstaan wat vandag rondom ons gebeur. Tensy ons ons eie geskiedenis ken en verstaan, kan ons nie met volle bewustheid probeer om ons lewens te verander en vir onself 'n beter toekoms te beplan nie.

- L.Wedepohl
 ("Kaggelvuur van die Verlede")



'N OU FOTOGFAFIE VAN MONTAGU
IN DIE RIGTING VAN COGMANSKLOOF

(Kaapse Argief AG1083)


Let Wel: Deesdae word die kloof se naam met
'n "c" gespel, maar in die ou dokumente
verskyn dit as "Kogmanskloof".

"Die de Pasqual familie - dit was nou twee broers wat grond gekry het in die Cogmanskloof, en dié broers was Franse. Hulle was soldate gewees. Hulle het vir England saamgeveg. Die mense wat toe uit die oorlog uitkom het in die kolonies grond gekry. Toe het England toe gesê dat die twee broers in Suid-Afrika kan kom woon, en op dié manier het hulle hier gekom."

- Mnr. J.S.Johnson
(Robertson)

Montagu en omgewing

===== paaie
~~~~~ riviere



"My Oupa het altyd nou vir ons vertel dat hom pa nou in die oorlog gewees het, en dat hy nou so 'n brawe daad gedoen het; en toe om die rede toe het hulle nou daardie plek vir hom gegee. Some koning of some iemand het toe die plek vir hom gegee."

- Pieter Pasqualli  
(Mannenbergh, Kaap)




So het Giovanni de Pasqual toe op die plaas "Cogmanskloof" beland. Dit was in die jaar 1828.

Maar die mense in Suid-Afrika het gesukkel met die Fransman se vreemde naam. Toe het hy sy naam sommer verander. Sedertdien heet hy nou Jan Daniel de Pasqual.

Dit is ook die naam wat op die kaart-en-transport verskyn. Dié is oëers in 1860 deur die goewerneur, Sir George Grey, onderteken. Op bladsy 11 is 'n kopie van dié oordrag: Daar staan dat daar nie meer as drie perde en drie koeie op die plaas mag aangehou word nie. Daar staan ook dat alle paaie deur die plaas vir die openbare gebruik moet oopbly.

Verder is daar gesê dat die belasting op die plaas jaarliks vier sjielings en 'n sikspens sal bedra.

Jan Daniel de Pasqual het met Magdalena Maria Thomassa getrou. Hulle het vier kinders gehad. Dit was nou Maria, Nicolaas Daniel, Gracia en Helenada. Dan was daar ook nog 'n aangenome seun. Sy naam was Thomas Lynch. Twee van die dogters het Transvaal toe getrek toe hulle getroud is. Die ander kinders het agtergebly. Hulle nakomelinge bly nou nog op Montagu, Robertson en in die Kaap.



7/10/60



By His Excellency Sir GEORGE GREY, K.C.B., Governor and Commander-in-Chief of Her Majesty's Colony of the Cape of Good Hope, in South Africa, and of the Territories and Dependencies thereof, and Vice-Admiral of the same, &c., &c., &c.

In the name and on behalf of Her Majesty VICTORIA, by the Grace of God, of the United Kingdom of Great Britain and Ireland, Queen, Defender of the Faith.



I DO HEREBY GRANT, on Perpetual Quitrent, unto

Jan Daniel de Pasqual

a piece of Land, containing Three Morgen

situated in the Division of Swillendam in the Kogmans Kloof Pass stretching North and N.W. towards the Kogmans Kloof Pass and further bounded by the Lange Berg Mountains

as will further appear by the Diagram framed by the Surveyor,—on condition that all Roads and thoroughfares existing over this land shall remain free and unobstructed, that the said Land shall be liable (without compensation to its Proprietor) to have any Road made over it for the public good, by order of Government; that the present and future Proprietor shall not be allowed to keep more than Three Horses and Three Cows on the land hereby granted; and that the sum of Two Pounds and six pence shall be paid as annual quitrent by the grantee on the delivery of this title deed and

that he shall punctually pay, or cause to be paid, at the expiration of every twelfth month from the date of these Presents, unto the Civil Commissioner of the District, the Sum of

Two Shillings and Sixpence.

and be bound, according to the existing Laws of this Settlement, to have the Boundaries properly traced out, and the Land brought into such a state of cultivation as it is capable of; the Land thus granted being further subject to all such Laws and Regulations as either are now or shall hereafter be made for the regulation of the Land granted in this Deed.

Given under my Hand and the Public Seal of the Settlement, at Cape Town,  
this second Day of October 1860

By His Excellency's Command,

Wm. A. B. Bull  
Surveyor-General.

Geo. J. Grey

A true copy, entered in book of the  
Dep. Original declared lost.

Wm. A. B. Bull  
31/10/60

vier kinderen met name Maria de Pasqual gehuwd  
 geweest met wylen Hendrik Maithous hievas de Pasqual,  
 Maria de Pasqual gehuwd met George Ashlin en Helena de  
 Pasqual gehuwd met Willem Luyatt opteroepen te benoemen  
 en aan te stellen tot zyne eenige en eenwige erfgenamen  
 en junks in alle zyne valschakels goederen voorvel verrent  
 abouwerende actien en crediten erfgenamen en bederwenissen  
 welk tot wereld uitgezonden omdoor hen von allots  
 als vijs eijers en onbestoort goedaanwaard en byzelen  
 te worden zonder tegenstaak vass eenicus tū wereld  
 met diere verstaende

als kettingen

R. F. M. Kiet


4. J. van der

handtekening

— Dyt kruis is de

Jan Daniel de Pasqual

Hier is 'n uittreksel uit Jan  
 Daniel se testament. In die  
 testament word sy vier kinders  
 as erfgename benoem. Die  
 pyltjie wys na Jan Daniel se  
 handtekening. Hy het met 'n  
 kruis onderteken omdat hy nie  
 kon lees en skryf nie.



In 1851 is die plaas deur Meneer W.M. Hopley opgemeet :

Die plaas bestaan uit 3 Morge land waarvan omtrent 1 Morg beplant is.


Die plaas lê noord- en noordweswaarts in die rigting van die Cogmanskloof Pas; verder is dit deur die Langeberge begrens.

Jan Daniel is in 1895 oorlede.  
Die dokument wat op bladsy 15  
afgebeeld is benoem Nicolaas as  
die erfgenaam van "Cogmanskloof".  
Maar Thomas Lynch het ook op die  
plaas aangebly. Hy het daar 'n  
kliptuin beplant.

Nicolaas het nege kinders gehad:

Gertruida  
Nicholaas  
Jan Johannes  
Maria Cornelia  
Magdalena  
Henrietta  
Frank  
Abraham  
Marthinus

Dit was toe Jan Johannes Jacobus  
wat die plaas geerf het.



ED OF TRAN

POWER OF ATTORNEY

Dated by

Consigned

Know all Men whom it may concern,

That

Charles Willoughby Herald  
 appeared before me, Registrar of Deeds, he being duly authorized thereto by a Power  
 of Attorney, dated the 27th day September 1895 drawn  
 up at Montagu  
 and granted to him by

Nicolaas de Pasqual in his capacity as Executor Testamentary  
 of the Estate of his late father Jan Daniel de Pasqual

which Power of Attorney has this day been exhibited to me, and the said Appraiser  
 declared that

His Principal the said Executor is an heir under the  
 last Will of his said deceased father Jan Daniel de Pasqual  
 and as such is now desirous of taking over the undermentioned  
 landed property

and He, the said Appraiser in his capacity as Attorney  
 aforesaid, did, by these Presents, Cede and Transfer, in full and free property, to and  
 on behalf of

NICOLAAS DE PASQUAL

His Heirs, Executors, Administrators, assigns Certain piece of perpetual  
 quitrent land situated in the Division of Swellendam in the Kog-  
 mans Kloofs Pass Audit Folio \_\_\_\_\_  
 Measuring Three Morgen \_\_\_\_\_  
 Extending as the quitrent Land in favour of the said late Jan  
 Daniel de Pasqual, with disgram annexed dated the 2nd October  
 1860 will more fully point out and further subject to such condi-  
 tions as are therein mentioned referred to \_\_\_\_\_

and specially subject to the \_\_\_\_\_ of the said late Will and -  
 Testament of the said late Jan Daniel de Pasqual dated  
 24 June 1864, copy of which \_\_\_\_\_

Sy Nicolaas de Pasqual as Executor  
 of the Estate of Jan Daniel de Pasqual  
 1895


TRANSCRIBED 24-4-1903

Pieter Pasqualli van Mannenberg  
vertel van die lewë op die plaas:

"My Oupa-hulle het 'n perdewa gehad en toe het hulle nou transport gery. Toe ry hulle van Ashton af Montagu toe vir die winkels. Toe het hulle 'n wa met tien esels voor gehad, dan ry hulle twee vragte op 'n dag - hier van Cogmanskloof af Ashton toe, van Ashton af Montagu toe en dan weer Ashton toe om die vrag op die trein te sit - so het die besigheid gegaan. Ek het as 'n seun saamgery met die transportwaens - dit was baie lekker. My Oom Jan het lateraan 'n perd en kar gehad, en dan ry hy nou Montagu toe."


'n Geskiedkundige, Andrew Hofmeyr, skryf:

"Die vooruitgang van die dorp en distrik is destyds baie gestrem deur die moeilikhede van vervoer...Die enigste uitgang van Montagu na die weste was deur Cogmanskloof waarin die rivier agt maal moes deurgery word. 'n Paar goeie perde was nodig om 'n kar deur te trek en karre en waens het dikwels daarin bly staan totdat hulp opgedaag het. Gelukkig is toestande grootliks verbeter toe die pad in 1877 deur Cogmanskloof gemaak is waar dit nou is."



"Die transport-besigheid was die groot inkomste gewees. Lateraan, toe die lorries en goeters nou kom, toe kom daar 'n verswakking in hul besigheid. Toe sterf die familie nou uit - toe bly nou net nog Jan op die plaas. Twee broers, Abraham en Frans, werk toe by die railway in Ashton. Frans - dis nou my Pa - hy het nege kinders gehad. Dié wat nog lewe is nou almal in die Kaap. In Kimberley bly ook familie. Die suster van my pa was getroud met 'n September, en hulle bly op Kimberley."


"Toe het Jan nou alleen op die plaas gebly. Hy was getroud met 'n weduwee - sy het alreeds kinders gehad. Hulle't nie eintlik



JAN JOHANNES DE PASQUAL

(Oom John)

geboer op die plaas - 'n bietjie groente geplant vir die familie, en dan het hulle nou 'n bietjie na Montagu gevat en daar verkoop. Hy het toe net twee koeie gehad - en die het hom melk gegee en botter, en hulle het dit Montagu toe gevat. Maar toe verswak die besigheid nou. Die water-regte het hy nou eerste verkoop - Wolfaardt het die water gekoop. Hy het 'n groot plaas net oorkant Cogmans-kloof. Daar was 'n fontein onderkant die pad - dit was al water wat ons nou vir die huis gehad het. Lateraan het hy die plaas toe verkoop."



Die plaas het 83 jare lank aan die de Pasqual familie behoort. Daarna is dit vir net 90 pond aan Meneer W.P. Pillas verkoop. Twee jaar later het sy weduwee dit aan die afdelingsraad verkoop.

'n Agter-kleinseun van Nicolaas Daniel de Pasqual - Professor C.T.Johnson van Belville in die Kaap - het 'n groot belangstelling in sy familie se geskiedenis. Hy het besluit om die Cogmanskloof plaas nou te koop sodat dit weer aan 'n de Pasqual-nakomeling behoort. Op die manier sal die plaas se geskiedenis weer lewendig word.



Jan Daniel de Pasqual x Magdalena Maria Thomasse  
+1895

Magdalena x W. Guyatt  
\*1833

Nicolaas x F.F. Marthinus

Gracia x G. Ashlin  
\*1838 (Transvaal)

Maria x H. Matthews  
\*1831 (Transvaal)

Nicolaas

Henrietta x Julie  
(Kaap)

Jan x Kuhn  
(Montagu)

Gertruida

Magdalena x September  
(Kimberley)

Frans  
(Ashton)

Maria Cornelia x T.G. Rowe  
\*1877 +1932 (Montagu)

Abraham x Simon  
(Ashton)

Marthinus  
x A. Niekerk

Pieter  
(Kaap)

8 ander kinders

5 ander kinders

Hannalena x J.M. du Preez  
(Montagu)

Ethel x J.S. Johnson  
\*1909 (Robertson)

Frances

Gordon  
(Kaap)

4 ander kinders

Cheronica x Mortimer  
(Montagu)

Colin x C. Hector  
\*1946 (Stellenbosch)

Links: Hier is die stamboom van  
die de Pasqual familie.

Die name van Jan Daniel se  
nakomelinge is onderstreep.

"x" beteken "getroud met"

\* beteken "gebore in die  
jaar ...."

+ beteken "gesterwe in  
die jaar ...."

(Let Wel: Met elke geslag word die  
familie al hoe groter. Daarom  
is dit amper onmoontlik om hier  
'n volledige stamboom te teken.  
In hierdie stamboom is meestal  
net dié mense benoem wat  
informatie tot hierdie boekie  
bygedra het.)




**Ouma Rowe**

(Maria Cornelia de Pasqual)

Mev. H. du Preez van Montagu kom ook van Cogmanskloof af. Haar ma, Maria Cornelia de Pasquale, het met ene Thomas George Rowe getrou. Hy was 'n Engelsman wat as soldaat Kaap toe gekom het. Hulle het op Cogmanskloof gebly. Mev. du Preez vertel :

"Ek onthou nie veel nie. Ek was baie jonk toe ek weg van die plaas is. Toe my oom nog geleef het, het ons nou altyd soontoe gaan kuier. Hy't nou Krismis verjaar en dan gaan ons nou daar piekniek hou.



POS WORD AFGELAAI BY 'N PLATTELANDSE POSKANTOOR

(Waterverfskildery, 1880. Kaapse Argief)

Daar was 'n tol, ek dink dit was by die tonnel. Daar moes 'n mens tol betaal het om deur te kom. Die transport het daar deurgery met ossewaens, en daar was poskoetse, perde en esels. Die pos, die voorrade, alles moes vervoer word. Dit kan ek darem nog onthou, dit het ek nog gesien. Daar was nou nog niks hier in Montagu nie, hulle moes dit toe van Ashton af bring."



Mnr. P. Pasqualli van Mannenberg in die Kaap onthou nog baie stories van sy kinderjare op Cogmanskloof :

"My ma-hulle het altyd hier van die Cogmanskloof af na die Keurkloof toe gestap om te was. Elkeen het 'n bondel wasgoed op die kop. Dié bondel moet vandag nog gewas word en vanaand nog teruggaan Montagu toe. En so het hulle baie gestap. Dis nogal ver van Montagu af Keurkloof toe.

Dis nou vroeër jare dat 'n mens tol betaal het. Bo-op die tonnel was 'n rooi kliphuisie gewees en daar het nou 'n persoon gesit. Dan kom die persoon af, dan moet jy tol betaal om deur te ry.



DIE OU PAD DEUR DIE TONNEL

(Kaapse Argief AG1082)

Toe die council nou oorneem, toe breek hulle daar klip in die berg. En hulle maak toe 'n nuwe pad reg deur die grond. Lateraan breek die council toe die huis af. Dit was 'n groot huis gewees - daar was agt of tien kamers gewees. Ek het nog in die huis gebly totdat ek so nege jaar oud was. Die huis se dak, dit was eenkant riet en eenkant sink. Hy't 'n solder gehad, daar het hulle nou alle soorte goed gestoor. Dan klim jy nou met 'n leer op - dit was 'n plesier om met die leer op te klim. Daar was 'n groot kombuis met 'n houtstoof. Die huis het




Die ou plaashuis op Cogmanskloof

misvloere gehad. Dit was baie lieflik gewees, daardie jare.

Op die plaas was daar bokke ook - die was gewees daar in die berg op. Dit was baie mooi daar - alle soorte blomme gewees, byneste, fonteine, daar teen die berg op. As dit so reën loop hulle nou sterk teen die berg af. En die lekker vars berglug! En daar was 'n groot turksvy-boord gewees daar agter die huis; en die bobbejane kom ook daar! Maar nou die mooiste ding is, hy't nou 'n voorlaaier geweer gehad. Nou skiet hy sommer in die lug in, en daar hardloop die bobbejane weg!

Toe ons nou op Ashton bly, toe  
gaan ons nou Sondae daar in die  
berge in, gaan ons byneste uithaal.  
Dan vergeet ons om 'n lap te bring,  
dan skeur ons sommer ons broek se  
sakke uit en steek hulle aan die  
brand om rook te maak. Dan haal  
ons die heuning uit. Ons het  
slange gejaag ook. En so het die  
lewe aangegaan. Dit was 'n plesier  
om daar te wees."





SO HET "COGMANSKLOOF" VROEËR GELYK.

Louisa Mouries bly op Montagu.

Sy is 'n gebore Pasqualie. Haar Oupa en Jan Johannes de Pasqual was broers. Sy vertel van die lewe op die plaas :

"My Antie Rachel het altyd wasgoed ingeneem, gewas en gestryk vir die dorp se mense....dan gaan my ma en ek ook help. My ma het my uit die skool uitgevat vir die dag, dan loop ons soontoe.

Ek het nou-die-aand net vir die kinders gesê, dan is dit so mooi vir my as die duifies soggens so koer, soggens vroeg....tog te lekker gewees daar."

"Daarso by die tunnel sal jy sien, daar is so 'n kloof af. Soos my ma nou vertel het, het sy gesê daar was 'n jongetjie wat gaan vra het om te trou. Seker 'n vryer gewees van een van die Pasqual dogters. En toe het die man gesê vir hom : "Daar is heuning in daardie plek, en as jy daardie heuning gaan uithaal, dan kan jy haar kry." En toe het hy daar ingegaan, en toe kon hy nie weer daar uitkom nie. En toe het hulle hom daar doodgeskiet want hy kon nie toe uit nie. So het my ma altyd vertel.

- Mev. H. du Preez  
(Montagu)

Dit is 'n opwindende storie wat Mev. du Preez vertel - dit het 'n paar mense op Montagu laat dink aan 'n gedig wat hulle op skool geleer het. Die gedig "Waar Ruwe Rotse" , deur C.M.van den Heever, vertel 'n gelyke storie :

"Waar Ruwe Rotse"

Waar ruwe rotse teen die hemel klim,  
waar môrerooi se eerste traanglans glim,

waar aasvoëls hoog in sirkelbane sweef,  
hul rou gekras in afgronde laat leef;

waar grou-wit kranse na die klowe val,  
gekeep-hou tot spelonke bo 'n dal,

waar oopgeskeurde klippekake wag  
met draketande wat daar grynsend lag;

daar knal opeens geweerskot bo die kruin  
en eggo's antwoord hard met skelbasuin.

Die dassies wip verskrik oor gladde krans,  
patryse saai vlerktrillend uit hul skans.

Skuins glip 'n voet en drillend val 'n roer...

'n skerp geskuur - 'n pad wat afwaarts voer.

Twee hande gryp 'n bos, die angs oorstelp,  
benoud klink uit die diepte: "Here help!"

Twee vader-oë kyk verward...sy seun,  
die afgrond lag oor wilde skuurgedreun.

Die kruit en stof vlek oor die lug se blou,  
die vader bly sy hand bo oogbank hou.

En dan gewaar hy in die skemering  
sy kind, deur rotsekkouers vasgedring.

'n Riem rol na die seun daaronder neer,  
"Bind vas my kind...en pa die sal probeer."

Maar dis vergeefs...die kransedraak hou vas,  
die riem bly stukkend breek, kry las op las.

En hulp snel by...die rotsetande gryns,  
hier moet die mensverstand terug voor deins.


Dan klaag daar uit die diepte, sag en flou:  
"ek smeek dat pa my skiet...en nou..."

'n Roer die bewe in die growwe hand,  
sag sif in skemerafgrond korrels sand.

Vas lê die kolf teen vaderskouer aan,  
en langs die sneller glans 'n afloop-traan.

"Vergeef my God!"...h skoot gedemp en dof...  
en bo die bergegraf styg kruit en stof.

Nog skuur iets rog'lend in die diepte daar,  
dis stil...die aasvoëls kras...h vader staar.



"Hulle sê die wêreld het hier so warm  
geword dat die berge gebuie het."

"My ma het nou net altyd vertel van haar suster wat ook getroud gewees het met 'n Engelsman. Hy was nou vreeslik jaloers vir haar. Sy het vreeslike mooi hare gehad. En as hy haar slaan, dan sit hy haar hare in 'n trommel en dan sluit hy dit, en dan slaan hy haar so. Sy was in die malhuis gewees daarna. Sy het toe nooit weer uitgekom nie."

- Mev. H. du Preez

Gordon Pasquale bly op Strandfontein in die Kaap. Sy pa, Marthinus Hendrik Pasquale, het nog op die plaas "Cogmanskloof" gebly. Hy

was die bestuurder vir 'n dokter op Montagu. Gordon sê hy onthou nog goed 'n storie wat sy pa altyd vertel het:

Op Cogmanskloof was daar 'n groot slang wat altyd by 'n poeletjie water kom drink het. Dit was 'n besondere slang. Op sy voorkop het hy 'n groot vonkelende diamant gehad. Dit was soos 'n oog waarmee hy gesien het. Almal wou die slang vang om die edelsteen te kry.

Eendag het iemand toe 'n klomp vars koeimis oor die slang se kop gegooi toe hy nou besig was om by die poeletjie te drink.

Toe het hy die diamant gekry.



"Ek het altyd gehoor van daardie  
"mermaid" - het gehoor sy bly aan  
die agterkant van die tonnel. En  
eens op 'n tyd ry ek nou met die  
bicycle saam na Montagu toe, gaan  
nou winkel toe, en ek kyk so :  
Maar ooh! - Watter mooi meisiekind  
sit dan daar oorkant die rivier  
op 'n klip? Sy lê so skuins, en ek  
wink vir haar. Toe wink sy nou  
vir my ek moet soentoe kom. Maar  
sy lyk so mooi, uitstekend! Sy't  
so 'n bos hare wat agter op haar rug  
rug hang. Ooh, maar te mooi  
complexion het sy. Nou wink sy  
vir my soentoe - maar toe ek die  
stert sien van haar, toe raak ek  
nou bang. Want ek het mos gehoor



van haar. Wat sal nou gebeur as ek deur die rivier ry? Toe wink ek maar net vir haar en ry aan. Dit was nou so uitstekend vir my dat ek haar gesien het - ek het altyd net gehoor van haar. Ooh, maar te aantreklik gewees. Jy kry amper nie 'n mens wat so mooi is nie."




"Nou eens op 'n tyd het ek en my ma met 'n donkie-kar van Ashton af gekom Montagu toe. Dit was laat in die aand, eight of nine o'clock. Dit het baie gespook op daardie pad.

Toe ons in die tonnel kom, toe val ons donkie neer, en ons lig

gaan ook dood. Toe moes ek eers  
 weer uithardloop om matjies te  
 trek om 'n lig aan te sit - so dat  
 as daar nou 'n lorrie of iets kom  
 dat hulle kan stop, want ons  
 donkie lê mos op die grond. My  
 ma vat toe die lamp en draai dit  
 rooi, laat dit kan wys dat daar  
 is gevaar, dat die karre nie inkom  
 nie. Toe tel ons nou die donkie  
 op en ons ry nou weer. Maar  
 meteens sien ek daar kom 'n lig aan.  
 Maar wat is dit nou weer, wat hier  
 so aankom? Toe is dit soos 'n kar  
 wat onderdeur ons donkiekar gekom  
 het, sommer so onderdeur gery!  
 Toe ek nou weer sien toe is dit  
 weg. - Baie so gespook daar."

- Pieter Pasqualli



# MONTAGU

Montagu

Ek drink jou muskadel  
Ek sit hier op my rusbank  
My voete op die springbokvel  
Die Klein Karoo  
Of Kannaland  
Die son steek die Langeberge  
Aan die brand

Sê vir my nou wie is u

'n Hofmeyer van Montagu  
Getrou met Van Deventer van Barrydale  
Ek ken jou pa se tante daar op Bonnievale  
Ja sy was Le Grange van Ladismith  
Rossouw is sy getrou ja nou verstaan ek dit

Kafeetjies op die hoekies


Het 'n rooi sinkdak  
Die mure is vol advertensies geplak  
Drink Coca Cola  
Rook Springbok Tabak  
En buite in die son  
Lê 'n slapende brak

Cogmanskloof die Outeniquas

Wit lê die sneeu op die Tradouwpas  
So krom soos die nekkie  
Van 'n kalbasyp  
Stadig word die brandewyndruiwe ryp

Montagu

Ek drink jou muskadel  
Ek sit hier op die rusbank  
My voete op die springbokvel  
Die Klein Karoo  
Of Kannaland  
Die son steek die Langeberge  
Aan die brand



Kramer

## Baie Dankie

Baie dankie aan al die lede van die  
de Pasqual familie vir hul bydrae  
tot hierdie boek:

Mnr. en Mev. J.S.Johnson;  
Mnr. en Mev. J.M.du Preez;  
Mnr. M. du Preez; Mev. L.Mouries;  
Mnr. P.Pasqualli; Mnr. G.Pasquale.

Spesiale dank aan Professor C.T.Johnson  
vir sy besondere hulp, en die dokumente  
wat hy tot ons beskikking gestel het.

Dankie ook aan David Kramer vir sy  
persoonlike toestemming om die lied  
"Montagu" in hierdie boekie te gebruik.

Onderhoude deur: L.Wedepohl

H.vd Walt

I.Küpper

Kunswerk deur: M. du Preez

L. Hoogendoorn

## Aanhalings

- Bladsy 17 - Hofmeyr, A. Beknopte Geskiedenis  
van die Dorp Montagu (1966)  
S.A. Biblioteek
- Bladsy 37 - Nienaber, P.J.  
Afrikaanse Verhalende Verse  
Afrikaanse Pers Boekhandel 1948
- Bladsy 39 - Scholtz, M. "Wynland"  
Buren Uitgewers 1969



Produced by Ingrid Küpper.  
Printed and published by the  
Adult Basic Education Project,  
Department of Adult Education  
and Extra-Mural Studies,  
University of Cape Town  
1987.

Hierdie boek vertel die storie van die plaas “COGMANSKLOOF” by Montagu in die Kaap, en van die DE PASQUAL familie wat daar gebly het. Dit is 'n versameling van onderhoude, dokumente, stories en ander bydraes wat 'n deel van Montagu se geskiedenis uitmaak.